
# *Vele aansigte van die huisarts*

## Dr Louis Hiemstra



**Curriculum Vitae**

Dr Louis Hiemstra is in 1943 te Pretoria gebore en ontvang sy skoolopleiding aan die Afrikaans Hoër Seunskool. Hy behaal die MBChB te Pretoria in 1968. Sy internskap doen hy by 1 Militêre Hospitaal, Voortrekkerhoogte, waar hy ook voltdys werk tot Desember 1971. Hy praktiseer te Virginia in die Vrystaat vanaf 1972-1982 en behaal in 1978 die M Prax Med by UP. Sedert Februarie 1983 is Dr Hiemstra Senior Lektor aan die UOVS, Departement Huisartskunde.

Ons wil deur 'n proses van herhaalde kort konsultasies 'n rare en unieke spesie aan u voorstel. Met raar word nie Skaars bedoel nie, want hierdie spesie, die

**PSIGINEUROBSTE-PEDINTEROMON-KORTOGERURG !**


kom algemeen voor, maar word nie as sodanig herken nie.

Hy verrig daagliks take wat deur geen ander subspesie op dieselfde uitgebreide vlak geëwenaar word nie. Juis met hierdie besondere eienskappe het hy onmisbaar geword. Ongelukkig word hy dikwels nie met reg erken en waardeer vir juis hierdie rasegte eienskappe nie!

Hierdie veelsydige Psigineurobstepedinteromonkortogerurg se vaardigheid lê hoofsaaklik op vier bekende vlakke:

1. **Kognitief**
   Die vaardige en effektiewe onderskeidingsvermoë tussen die normale en abnormale.
2. **Perseptief**
   'n Vlugtige waarnemingsvermoë om afwykings van die normale raak te sien.
3. **Manipulatief**
   Die vermoë om elke unieke situasie en toestand met sy eie fisieke vermoë te hanteer.
4. **Affektief**
   Elke situasie en interaksie verg 'n korrekte en toepaslike gesindheid en benadering.

'n Groot deel van hierdie vaardighede moet aangeleer word nieteenstaande dat daar reeds vroeg op meedoënlose wyse vir inherente rasegtheid geselekteer word in die poging om 'n funksionele geheel daar te stel.



Soos us dus kan sien, het ons hier 'n *kleurvolle* spesie met 'n intelligente benadering van sy onderwerp. Die korrekte affek, 'n houvas op die basiese, 'n sekerheid omtrent sy vermoëns, met 'n wye perspektief maak hom suksesvol. Nogtans werk hy onopsigtelik met 'n merkwaardige vermoë om sy kleur van oomblik tot oomblik aan te pas om so elke situasie effektief en doelmatig te hanteer.